

17 Februarie

Prediker 2:17-26

Ons werk - tevergeefs ? (1)

ALMAL wat hier lees moet werk.

Skoliere: skoolwerk en help in die huis.

Studente: eksamen skryf, klasdraf, referate.

Beroepsmense: ontwerp, opereer en adviseer.

Ambagslui: sweis en draai, meet en messel.

Tuisteskeppers: koskook en kinders karwei.

Bejaardes: huishou en die dag se lysie byhou.

Selfs werkloses: blyplek en gesin versorg. Alle werk het een gemeenskaplike eienskap: ROETINE. Soms dodelik frustrerend, elke dag dieselfde oor en oor. Dan wonder mens, moeg geswoeg: Is alles nie net 'n vergeefse gejaag na wind nie? Wat is die sin in al my werk? Netso! sê die Prediker, wat hét die mens nou eintlik aan alles waarmee hy hom met soveel sorg en ywer in hierdie wêreld besig hou (22).

Jy moet in elk geval alles wat jy tot stand gebring het aan iemand anders nalaat. En wie weet of dit 'n wys of 'n dwaas sal wees? (18, 19).

Wie ken nie dié pynlike verskynsel in ons lewe nie: om voor jou oë te sien hoe die ryk van 'n geniale ondernemer verkrummel in die onbevoegde hande van opvolgers; om magteloos te aanskou hoe 'n rebelse kind woes wegbreek van oueropvoeding; hoe 'n land se infrastruktuur agteruitgaan weens 'n volgende regering se ander aksente... Tevergeefs! sê Prediker.

Nee! skryf Paulus: Ons inspanning in diens van die Here is nie tevergeefs nie! (1 Kor. 15:58).

Wat is nou waar? Ons lees DV more verder...

Sing: Psalm 73:2

Ds. J. Botha (Laeveld)